SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Minder skooltyd tydens COVID lei tot agterstande in abstrakte Wiskunde-konsepte en taal

10 Maart 2022

In die lig van die uitdagings wat die afgelope twee jaar se inperkings meegebring het, het leerders bo verwagting goed gevaar in Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se Gestandaardiseerde Eksamen (GSE) van 2021. Wiskundige Geletterdheid se slaagsyfer was veral baie hoog (97,6% vir Graad 10 en 99,5% vir Graad 11), maar gebreke in sommige leerareas was wel opmerklik.

- Leerders van Graad 4-11 se Wiskunde-uitslae was swakker as vorige jare, veral "Meetkunde en Meting" was 'n uitdaging vir meeste leerders. Hierdie afdeling fokus op visuele insig, wetenskaplike beredenering, en toets veral leerders se vermoë om probleme op te los en is baie abstrak van aard.
- Leerders se leesbegrip en begrip van "Taalstrukture en –konvensies" in Afrikaans toon ook ernstige leemtes. Leesbegrip vorm die basis van meeste leerprosesse en het 'n invloed op alle ander vakke. Leerders het byvoorbeeld in Fisiese- en Natuurwetenskappe gesukkel met die interpretasie van vrae as gevolg van gebrekkige leesvermoë. Taal is instrumenteel in die ontwikkeling van akademiese vermoë. Onvoldoende taalvaardigheid en het 'n impak op leerders se vermoë om inligting te beredeneer, vrae te verstaan en antwoorde te formuleer.
- Graad 4-leerders het duidelik swaargekry in Wiskunde, veral met 'n afdeling soos "Ruimte en Vorm", wat 11% laer is as in 2019, maar wel 4% hoër as in 2020. Dit stem ooreen met die Wes-Kaap Onderwysdepartement se sistemiese toetse, wat bevind het dat die verlies aan kontakonderrig tydens die pandemie, jonger leerders die meeste benadeel het.

Die GSE word reeds sedert 2017 in verskeie vakke en grade afgeneem. Einde 2021 het 'n rekordgetal skole deelgeneem aan die GSE om die impak van COVID-inperkings op hul leerders te bepaal. Twee jaar se onderbroke onderrig, roterende roosters, en kurrikulum aanpassings het dit vir skole uiters belangrik gemaak om te weet of hulle leerders op standaard is en om remediëring effektief en gefokus te beplan.

"Assessering is slegs sinvol indien dit bruikbare inligting verskaf waarvolgens leerders begelei kan word om hulle volle akademiese potensiaal te ontgin", sê Hendrik de Kock, Onderwysspesialis by die SOS. Assessering van leer (summatiewe assessering) soos toegepas in die GSE, is uiters noodsaaklik om 'n skool se onderrig- en leerprogram te rig. Ander vorms van assessering, soos assessering vir leer

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za

(formatiewe assessering) waar ’n toets deel van die leerervaring vorm, aanvangsevaluerings aan die begin van ’n skooljaar en diagnostiese assessering om leemtes te identifiseer, is ewe belangrik. Goeie vrae laat leerders dink en maak dit moontlik vir onderwysers om te bepaal of leerders ’n onderwerp verstaan. Dit is belangrik dat daar reageer word op onderwerpe wat leerders nie verstaan nie. Op grond van summatiewe assessering kan besluit word watter skool, vakkeuse, ens. die beste vir ’n bepaalde leerder sal wees. Inligting uit diagnostiese toetse kan remediëring of verrykende programme tot gevolg hê.

Na aanleiding van die 2021 GSE-uitslae, maak die SOS die volgende aanbevelings:

- Meer kontaktyd in die klaskamer is noodsaaklik om akademiese agterstande aan te spreek. Tydens kontakonderrig word die diverse vermoë, behoeftes en motivering van leerders in ag geneem, verbande tussen vakinhoud uitgewys en leerervarings doelgerig deur professionele opvoeders gefasiliteer. Ervare onderwysers kan die leerders ondersteun of addisioneel stimuleer deur goed gestruktureerde leergeleenthede.
- Groter samewerking tussen vakke is noodsaaklik. Dit maak nie net die las van die onderwysers en leerders minder nie, dit help ook leerders om verbande tussen vakgebiede en die lewenswerklikheid te vorm.
- Aanlynleer en veral die omgekeerde klaskamer, soos in die praktyk toegepas deur die Wolkskool, is hier om te bly. Effektiewe gebruik van tegnologie in onderrig en leer, spreek baie van die onderliggende probleme van leerders aan, sonder om onderrigtyd te verleng en ’n groter las op onderwysers te plaas.
- Die gebruik van ’n leerbestuurstelsel met kurrikulum belynde inhoud, soos Die Wolkskool, maak dit moontlik om tydrowende kennisoordrag buite klastyd te laat gebeur. Gevolglik is daar meer tyd in die klas vir vaslegging van begrippe, probleemoplossing en toepassing van kennis. Lesse en assesserings wat aanlyn beskikbaar is, maak sinvolle differensiëring en vordering teen eie tempo ’n werklikheid.
- Nuwe ontwikkelings soos die SOS se vraagbank sal ’n groot bydrae tot die gehalte van assessering lewer, terwyl dit baie tyd van onderwysers sal spaar om op hoër orde leerervarings te fokus.
- Die GSE 2021 het ook ’n behoefte by skole uitgewys vir voortgesette opleiding van onderwysers in assesseringprosesse, moderering en gebruik van die vraagbank. Die SOS sal in die komende maande hierdie behoeftes deur verskeie kursusse en webinare aanspreek.

Beplanning van die 2022 GSE is reeds op dreef. Skole word aangemoedig om in 2022 aan die GSE deel te neem, om moontlike agterstande wat steeds bestaan te identifiseer. Die SOS werk ook aan Aanvangsevaluerings vir 2023 (AE 2023), wat skole aan die begin van die jaar kan aflê om leerbehoeftes te bepaal en doelgerig te kan beplan om leemtes te ondervang.

Medianavrae kan gerig word aan:

SKOLE
ondersteuningsentrum

Marlien van der Westhuizen
Navorser
012 612 0234
082 645 2795
marlien@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za